



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Wag op die Here! 22

22. Die sekerheid van seën

Dan sal jy besef dat Ek die HERE is. Wie op My wag, sal nie beskaamd staan nie.

Jesaja 49:23

Gelukkig is almal wat op Hom wag.

Jesaja 30:18 (AFR20)

Wat 'n belofte! *Wie op My wag, sal nie beskaamd staan nie.* Ons weet dit, maar ons sukkel daarmee. Dit verg 'n voortdurende rus in God se teenwoordigheid en liefde, 'n onophoudelike onderwerping aan Hom sodat Hy sy werk in ons kan vervolmaak. Luister en oordink dit, tot jou hart met nuwe oortuiging kan sê: *Gelukkig is almal wat op Hom wag.* Ons is bang dat God ons sal teleurstel, soos Psalm 25:2 bid: *Laat my vertrouwe tog nie tevergeefs wees nie.* Daarom moet jy na God luister totdat jou vrees verdryf word en jy ook kan sê: Ja, Here, ek glo wat U sê: *Wie op My wag, sal nie beskaamd staan nie.*

Ons teksvers kom uit 'n tyd toe die Godsvolk verpletter was. Daar was menslik gesproke geen uitkoms nie. Dan kom God met sy belofte van bevryding. Hy nooi hulle om te wag op Hom; Hy sál red. Ons leef ook in 'n tyd waarin die toestand van die kerk veel te wense oorlaat. As dit nie vir God se beloftes was nie, sou ons wanhopig kon word. Maar God belowe uitkoms. Hy het Homself aan ons verbind. Ons sal nie beskaamd staan nie.

Gelukkig is almal wat op Hom wag. Ja, gelukkig is jy, ook terwyl jy wag. Die seëninge wat God belowe vir jou of ander mag dalk talm, maar om Hom te ken en Syne te wees, dít is die hoogste geluk, en dit is nou al jou deel. *God ... het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlijkheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal* (2 Korintiërs 4:6). Lees hierdie woorde oor en oor, totdat jy goed begryp wat God in jou wil doen. Hy sal Homself aan jou toon as die God wat kragtig elke belofte vervul. *Gelukkig is almal wat op Hom wag.*

Wag op die HERE!

Onlangse Bydraes

- [Gebed vir vroue en almal wat deur geslagsgeweld geraak word](#)
- [Eliëser](#)
- [Gebed oor misdaad en geweld](#)
- [Job se vrou, wat haar man in die steek gelaat het toe hy haar die nodigste gehad het](#)
- [Joh 4:1-30 Jesus kan ook jǃu dors les](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)
- [X](#)